No. 1717 10 Augustus 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE KETEL- EN BLASERHUIS VAN DIE HOOGOOND EN DIE AANLIGGENDE SKOORSTEEN VAN DIE OU PRETORIA IRON MINES LIMITED TE YSKOR, PRETORIA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Ketel- en Blaserhuis van die Hoogoond en die aanliggende skoorsteen van die ou Pretoria Iron Mines Limited te Yskor, Pretoria, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die Ketel- en Blaserhuis van die Hoogoond en die aanliggende skoorsteen van die ou Pretoria Iron Mines Limited te Yskor, Pretoria, synde geleë op sekere Gedeelte 76 van daardie gedeelte van die plaas Pretoria Dorp en Dorpsgronde 599, geleë in die distrik Pretoria [nou bekend as die resterende gedeelte van Gedeelte 124 ('n gedeelte van Gedeelte 6) van die plaas Pretoria Dorp en Dorpsgronde 351, Registrasieafdeling JR].

Transportakte 23420/1944, gedateer 2 September 1944 (paragraaf 6).

*Historiese belang*

Hierdie eenvoudige baksteengebou en skoorsteen was deel van die ysteraanleg van Cornelis Delfos se Pretoria Iron Mines Limited, waar gietyster uit inheemse erts in 1918 vir die eerste keer op groot skaal in Suid-Afrika geproduseer is. Delfos was die groot dryfkrag agter die totstandkoming van Yskor in 1928, en rondom hierdie aanleg het Yskor later ontwikkel. 10/2/687.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1717 10 August 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE BOILER AND BLOWER HOUSE OF THE BLAST FURNACE AND ADJACENT CHIMNEY OF THE OLD PRETORIA IRON MINES LIMITED AT ISCOR, PRETORIA

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the Boiler- and Blower-room of the Blast-furnace and adjacent chimney of the old Pretoria Iron Mines Limited at Iscor, Pretoria, to be a national monument.

*Description*

The Boiler and Blower House of the Blast Furnace and the adjacent chimney of the old Pretoria Iron Mines Limited at Iscor, Pretoria, being situated on certain Portion 76 of that portion of the farm Pretoria Town and Townlands 599, situate in the District of Pretoria [now known as the remaining extent of Portion 124 (a portion of Portion 6) of the farm Pretoria Town and Townlands 351, Registration Division JR].

Deed of Transfer 23420/1944, dated 2 September 1944 (paragraph 6).

*Historical interest*

This simple brick building and chimney formed part of the iron installation of Cornelis Delfos's Pretoria Iron Mines Limited, where in 1918 cast iron from indigenous ore was produced on a large scale for the first time in South Africa. Delfos was the major driving force behind the establishment of Iscor in 1928, and Iscor later developed around this installation. 10/2/687.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

3